# HOOFSTUK V.

## ADAMSON EN DIE MIDDELE EN HULPMIDDELE VAN DIE ONDERWYS.

### 1. MIDDELE EN HULPMIDDELE.

(a) Pioniersjare.[1]

> „Die opvoeding van die Afrikaanse jeug op die Trek was kernagtig, kerngerig en kerngesond. Daar was geen geleentheid of lus vir allerlei uiterlikhede nie. Die opvoeding was bedoel as 'n voorbereiding vir die eise van die lewe hier op aarde: prakties en voorbeeldig. Maar die opvoeding was nog meer: 'n voorbereiding vir die eise van die lewe hiernamaals: ernstig, essensieël en fundamenteel. Alle kinders moes die Bybel kon lees; alle onderrig het heengewerk na die aflegging van die belydenis van die geloof en lidmaatskap van die kerk van Christus te word en om as grootmens erken te word. Nie eie eer is beoog nie, maar alleen die eer van God, ons Vader, en Skepper, en Sy Seun, ons Verlosser, en van die Heilige Gees, ons Vertrooster."[2]

In die pioniersjare is die grondslae van die onderwys in Transvaal kortliks soos volg gelê: In die wakisbiblioteek was daar 'n redelike aantal en ook 'n verskeidenheid van die regte soort leesstof soos die huisbybel, psalm- en gesangboeke, 'n aantal preekbundels, een of ander goeie en erkende godgeleerde werk, liederbundels, 'n „A.B.C.-boek met de Haan," „Trap der Jeugd," deur B. Cramer, 'n paar kinder vraeboekies, „De Kleine Printbybel" en „Kleine Gedichten voor Kinderen."

Die eerste wat die kinders moes leer was die A.B.C. Hulle moes die letters van die alfabet van buite ken, eers van A tot Z en dan van Z tot A. Daarna en soms gelyktydig daarmee, het hulle vir die eerste keer met 'n

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 1838-1937.
2. Coetzee: Onderwys op die Groot Trek, 32 tot 33, Spesiale byvoegsel tot „Die Transvaler," 15/12/49.

boek kennisgemaak, gewoonlik met die „A.B.C. met de Haan." In die reël is dit deur „Trap der Jeugd" opgevolg, hoewel daar soms met laasgenoemde onmiddellik 'n aanvang gemaak is. Behalwe die leeslessies moes die kinders uit die „Trap" leer om te spel en om die taal suiwer te besig.

Kennis van die Bybelse geskiedenis het die kinders opgedoen deur die vertellinge van die ouers, die leer van Jacobus Borstuis se „Enige Korte Vragen voor de Kleine Kinderen" en deur die lees van die Bybel self. Die onderrig in die geloofswaarhede het geskied aan die hand van die boeke van Abraham Hellenbroek, veral sy „Voorbeeld der Godelijke Waarheden," deur 'n studie van „Het Kort Begrip der Christelijke Leer" en die „Heidelbergsche Katechismus." Vir sangonderwys is, behalwe in die geval van eredienste en huisgodsdiens, van die liedere van Willem Sluyter, Jodocus van Lodenstein en Johannes en Jacobus Groenewegen, gebruik gemaak. Meer gevorderde leesonderrig het geskied deur die lees van die „Statenbijbel."

Na die stigting van die Suid-Afrikaanse Republiek het onderwys gaandeweg vorm aangeneem en 'n geleidelike vooruitgang getoon en is daar ook aan die middele en hulpmiddele steeds meer aandag bestee. Artikels 1 tot 20 van die Burgerswet van 1874 het bepaal dat die regering vir 'n hoofdepot en takdepots vir skoolbehoeftes, modelle, ens. verantwoordelik is terwyl artikels 21 tot 38 die voertaal aan die keuse van die ouer oorgelaat het, met dien verstande dat waar daar twee onderwysers aan 'n skool verbonde was, die een in Hollands en die ander een in Engels[3] onderwys moes gee.

In 1882 het S.J. du Toit, Superintendent van Onderwys, deur wetgewing neergelê dat Hollands die enigste

3. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 38.

amptelike voertaal sou wees. Hy het ook veel aandag aan die verskaffing van skoolboeke[4] bestee. Met die invoering van Engels in die Transvaalse skole moes daar egter naas die Hollandse boeke ook Engelse boekies in gebruik geneem word. Die vraagstuk van eenvormigheid van skoolboeke het reeds vanaf 1880 die aandag van die onderwysowerhede geniet en om die saak beter te organiseer het du Toit standerds[5] in die onderwys ingevoer. Verder het hy aanbeveel dat daar voorsiening gemaak moes word vir 'n eie stel skoolboeke. Hy het onder andere 'n vereenvoudigde Nederlandse taalkunde as noodsaaklik beskou. In 1884 het die regering op sy aandrang 'n prysvraag uitgeskryf wat in 1885 twee rekenboekies ten gevolge gehad het. In 1887 is handskrifte in rekene, aardrykskunde en geskiedenis wat uit Holland ontvang is, goedgekeur. Voorts is reken- en taalboekies uit die Kaapkolonie bestel om in die behoeftes van die skole te voorsien.

Onderwyswet No. 8 van 1892 van Mansvelt bevat in afdeling C, artikels 24 tot 28, de bepalings in verband met onderwys. Behalwe die onderwys van vreemde tale moes Hollands die voertaal wees en al die leesboeke, behalwe die vir die aanleer van hierdie vreemde tale, moes in Hollands geskryf wees. Mansvelt se ywer op die gebied van die onderwysmiddele het die onderwysdepartement steeds doelbewus laat optree. Gedurende die negentigerjare is skoolboeke vir alle vakke geskryf, uitgegee en ingevoer. Die Departement van Onderwys het in 1892 die „Schoolgids" vir die eerste keer uitgegee. In hierdie nuttige uitgawe is inligting in verband met die skoolstelsel asmede 'n opgawe van aanbevole lees- en leerboeke verstrek.

4. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 52 tot 54.
5. Vanaf standerds I tot VI.

In die kroonkolonie[6] jare het onderwysdirekteur E.B. Sargant van Oranje Vrystaat en Transvaal en sy assistente W.A. Russell in Oranje Vrystaat en Fabian Ware in Transvaal, hul hande so vol met die organisasie van die kampskole gehad dat hulle nie hulle aandag ten volle aan sake soos klaslokale, onderwysers, skoolboeke en ander hulpmiddele kon skenk nie. Desnieteenstaande het Sargant se onderwyswet van 1903 nie slegs vir die instandhouding van kos- en weeshuise voorsiening gemaak nie maar ook vir die van openbare biblioteke en die aflê van eksamens. Hierbenewens het die wet neergelê dat Engels die voertaal sou wees en dat Hollands op versoek van ouers vir 3 uur per week onderrig kon word.

Die onderwyswette[7] wat hierna gevolg het, het die gesonde beginsel van moedertaalonderrig neergelê.

(b) Middele en hulpmiddele: Algemeen.

In alle gevalle maar by uitstek in die geval van onrype en onervare kinders is duidelikheid van baie groot belang en daarom is opvoedkundiges dit eens dat die kind van die bekende na die onbekende gelei moet word, sodat die bekende die onbekende in 'n duideliker lig sal stel. Om die rede is die opvoeder dan ook van 'n groot verskeidenheid middele en hulpmiddele afhanklik.

Op die wyse kan goddelike waarhede soos in die Bybel bevat deur allerlei middele soos verhale, gelykenisse en vergelykinge in duidelike en eenvoudige vorm by die kind tuisgebring word. Met die oog op 'n nog duideliker begrip kan gebruik gemaak word van hulpmiddele soos portrette, plate, prente, kaarte, tabelle, grafieke, modelle, specimina, e.d.m.

6. Vanaf 1900-1905.
7. (i) Goewernmentskennisgewing No. 1117 van 1905.
(ii) No. 25 van 1907.

Om die kind se kennis in die onderskeie skoolvakke vas te stel kan daar van middele soos klastoetse, eksamens en klasrekords gebruik gemaak word.

Daar moet egter duidelik tussen middele en hulpmiddele onderskei word. Eersgenoemde verskaf die leerstof en die eenvoudige bewysgronde, terwyl laasgenoemde die leerstof en eenvoudige bewysgronde toelig. Met ander woorde die onderwerp onder behandeling word deur die middel toegelig terwyl die hulpmiddel weer die middel toelig.

2. ADAMSON EN ONDERWYSMIDDELE.

(a) Biblioteke.

> "The schoolroom may well be the farm reading room, and the school library the farm library."[8]

Openbare biblioteke, behalwe die in Johannesburg en Pretoria, het kragtens goewermentskennisgewing No. 92 van 1902 hulptoelae tot 'n maksimum van £100 per eenheid op die £1-vir-£1 basis van die staat ontvang. Dit was egter as voorwaarde gestel dat die hele staatshulptoelaag vir die aankoop van nuwe boeke aangewend moes word.

In die vyf jaar vanaf 1906 tot 1910 is jaarliks agtereenvolgend toekennings aan 18, 18, 22, 19 en 20 openbare biblioteke toegestaan. Vanaf 1911 is slegs geringe toekennings op die £1-vir-£1 basis deur die Transvaalse Onderwysdepartement aan afsonderlike skole toegestaan. In 1910 is 'n totale hulptoelaag van slegs £182.3.5 toegeken, terwyl die bedrag in 1911 op £607.13.11 te staan gekom het. In 1913 het hierdie hulptoelaag 'n hoogtepunt van £1,279.15.4 bereik maar in 1915 het 'n laagwatermerk van £83.9.11 weer ingetree. In 1921 was die hulptoelaes £1,305.11.1. In Adamson se verslag is die bedrag vir 1923 as £713.17.5 aangeteken, wat in werklikheid as gering beskou

8. T.O.D. Jaarverslag 1906, 46.

moet word, veral as in aanmerking geneem word dat daar 115,290 laer- en 10,078 middelbare skool leerlinge was en die totale onderwysuitgawe op £2,612,922.11.3 te staan gekom het.

In 1918 het mnr. C.H. Acheson[9] van die Oosrandse inspeksiekring die hand aan die ploeg geslaan en 'n rondgaande biblioteekdiens in sy kring in die lewe geroep. Vir hierdie skema het hy die steun van die bibliotekaris van die Germistonse Openbare Biblioteek, mnr. M.M. Stirling, geniet. Volgens mnr. Acheson sou sy skema groter voordele inhou as die afsonderlike skoolbiblioteke, omdat hierdie biblioteke nie uit die beperkte hulptoelae van die Departement ruimskoots voorsiening kon maak nie en die boeke gevolglik jaar na jaar op die rakke bly lê het. In 1921 het Adamson hom heelhartiglik met hierdie skema vereenselwig.

> "The library scheme inaugurated by Mr. Acheson in the East Rand, and taken up enthusiastically by the Germiston Public Library Committee, may be earnestly commended for consideration elsewhere."[10]

En hom op 'n latere geleentheid soos volg oor 'n boekery uitgelaat:

> "The newspaper at the one end of the mental series, Shakespeare at the other, with the novel and the book of essays in between, are all good browsing ground. And at the top there can well be a mixture of the masters."[11]

Vir die welsyn van 'n gesonde geestelike lewe bly lees 'n noodsaaklike vereiste:

> "Reading maketh a full man."[12]

(b) <u>Laboratoria</u>.

Omdat dogmatisme 'n struikelblok in die vrye

---

9. Inspekteursverslag 1918, 100.
10. T.O.D. Jaarverslag 1921, 27.
11. Adamson: Externals and Essentials, 118.
12. Ibid, 115.

ontwikkeling van die mens is en die waarheid slegs op onafhanklike wyse opgespoor moet word, kan daar van die laboratorium nuttig gebruik gemaak word om die verlangde aanpassing aan die ryk van die natuur te verwesenlik.

> "A boy could not do better than begin with work in the laboratory, with weighing and measuring things, and through such experimental and quantitative manipulation find his own way to truths and formulae which his predecessors had to accept without question."[13]

Hy vereenselwig hom in die opsig met Dewey se standpunt:

> "Schooling must provide genuine situations in which personal participation brings home the import of the material and the problems it conveys."[14]

Die belangrikste funksie van die laboratorium in 'n middelbare skool is juis die skepping van daardie geleenthede wat die leerlinge in staat sal stel om deur eie bemoeiing met waarhede vertroud te raak.

> "In our phraseology he must be adjusted to the first world of nature and then we may hope that he will be adjusted to science as a strand in the fabric of the second world."[15]

Hy waarsku egter daarteen dat die laboratorium nooit 'n doel op sigself moet wees nie. Dit moet steeds 'n middel tot 'n doel bly:

> "The spirit of enquiry and discovery is emphasized as essential to what we should call real adjustment."[16]

Met dien verstande dat dit 'n aanpassing aan die werklikheid en nie aan die middel moet wees nie.

Met die oog hierop was Adamson 'n voorstander van die stigting van groot en gesentraliseerde skole.

---

13. Adamson: The Individual and the Environment, 109.
14. Dewey: Democracy and Education, 273.
15. Adamson: The Individual and the Environment, 109.
16. Ibid 112.

> "..... a school which is important and large enough to justify considerable expenditure on a library, laboratories, workshops, and all that is essential to a modern secondary school."[17]

(c) Boeke, meubels en skryfmateriaal.[18]

(i) Boeke.

Hoewel daar kragtens ordonnansie No. 7 van 1903 en onderwyswet No. 25 van 1907 bepaal is dat skoolboeke deur die staat verskaf sou word, was daar 'n gereelde tekort aan geskikte vak- en kinderleesboeke, aangesien die meeste van oorsee ingevoer moes word. Die geringe staatstoewysing vir skoolboeke was miskien in minder mate 'n rede tot klagte as die Engelse sowel as die Hollandse boeke wat heeltemal vreemd aan Suid-Afrikaanse en Transvaalse omstandighede was. Mnr. W. Klooster, inspekteur van Hollands, het hom soos volg oor die boeke uitgelaat:

> „.....moeilike boeken en boeken zonder toon en smaak....."[19]

Hierbenewens was die spelling van die Hollandse leesboeke ook nie eenvormig nie, aangesien sommige boeke in die vereenvoudigde en ander boeke weer in die ou spelling geskrywe is. Baie boeke is ook op swak papier gedruk terwyl die band van minderwaardige gehalte was. Die Hollandse boeke wat plaaslik gebind is, was baie beter versorg hoewel die pryse enigsins hoog was. Daarom het die inspekteurs van onderwys dan ook gereeld aanbeveel dat leeskaarte die boekies in die aanvangsklasse moes vervang en dat die onderwysers(esse) meer dikwels van die swartbord gebruik moes maak. Daar is sedert 1907 hoofsaaklik van die „Elffers" of „Longmans" leesboeke gebruik gemaak omdat hulle Suid-Afrikaanse toestande behandel het en in die

---

17. T.O.D. Jaarverslag 1910, 23.
18. Handboek van Onderwyswette 1922, 113 tot 114.
19. Inspekteursverslag 1908, 100. W. Klooster.

vereenvoudigde spelling geskryf was. Van hierdie boeke sê inspekteur Corbett:

> "..... and yet not narrowly limited to our colonial notions."[20]

In 1908 het die Onderwysdepartement besluit om die tekort aan boeke in die geval van nuwe skole met 'n standaard aanvangsvoorraad aan te vul, terwyl die „Victoria League," 'n komitee wat na die Tweede Vryheidsoorlog in Engeland tot stand gekom het, sig beywer het om Transvaalse skole van biblioteekboeke te voorsien. Die grootste tekorte is egter volgens inspekteur N. Hofmeyr op die platteland ervaar.

> "The love of reading, the love of books, is as yet an unknown bliss to the vast majority of our farm children."[21]

In 1910 is die wyse waarop boeke verskaf is gewysig. Voortaan sou ouers gevra word om die skoolboeke self aan te koop, terwyl die Onderwysdepartement vir die verbruikbare voorrade verantwoordelik sou wees. Van hierdie reëling is egter in 1914 afgesien, omdat die ouers óf onwillig óf te arm was om die bydraes te maak en die opvoeding van die kinders in so 'n mate daardeur gely het dat onderwysers wat resultate wou lewer, groot bedrae aan kinderboeke uit hul eie sak moes bestee.

Voortaan moes die boeke ook uit die toewysing van 6s. per kind per jaar aangekoop word. Hoewel spaarsaamheid aangemoedig is en die toewysing gering was, het die meeste inspekteurs tog die beste verwagtings vir die toekoms gekoester. Op grond van 'n ondersoek wat die Provinsiale Raad in 1916 laat instel het, is die toewysing[22] tot 12s. per leerling verhoog. Skole kon toe beter toegerus

---

20. T.O.D. Jaarverslag 1907, 62.
21. Inspekteursverslag 1909, 80. N. Hofmeyr.
22. T.O.D. Jaarverslag 1916, 34.

word, maar skoolhoofde is opgedra om slegs die allernodigste voorrade aan te koop, daar dit nie die bedoeling was dat hulle van die hele toewysing gebruik moes maak nie. Daarby het die Onderwysdepartement alle rekwisisies deeglik beheer.

> "Extravagant requisitions are not passed."[23]

In dieselfde jaar het die Uitvoerende Komitee op aanbeveling van Adamson[24] besluit om die toewysing van 12s. per leerling vir alle skole soos volg te wysig:

| | |
|---|---|
| Juniorafdeling ............. | 6s. |
| Middelafdeling ............. | 12s. |
| Hoërafdeling ............... | 22s.6d. |

In hierdie jare het die Eerste Wêreldoorlog die uitvoering van kontrakte bemoeilik daar skeepsruimte baie beperk was. Om hierdie moeilikheid die hoof te bied het die Onderwysdepartement besluit om die bestaande kontrakte na 31 Desember 1917 nie weer te hernu nie en self, deur bemiddeling van die Hoë Kommissaris, as invoerder op te tree. Behalwe dat hul geglo het dat die Hoë Kommissaris meer invloed by rederye as 'n privaat kontrakteur sou hê, het hulle ook gemeen dat daar ekonomiese voordele aan so 'n reëling verbonde sou wees, want die 1917/18 begroting van £37,288 was 'n ruime bedrag en verskaffers sou miskien gewillig wees om kortings toe te staan. Op grond hiervan het Adamson dan ook in 1918 aangetoon dat hy 'n groot besparing bewerkstellig het:

> "..... for every 6d. spent locally, goods to the value of 11d. can be imported."[25]

In hierdie jaar is Nederlands deur Afrikaans vervang en dit sou noodwendig 'n groter boeketekort meebring en ten gevolge van die oorskakeling, 'n mate van vertraging.

---

23. T.O.D. Jaarverslag 1916, 34.
24. Ibid 1917, 32 tot 33.
25. Ibid 1918, 28.

Dit het dan ook soveel tyd in beslag geneem om die boeke aan te koop en die nodige voorrade te bekom, dat die boeke-tekort eens so groot was. In 1921 is die toewysing met 25% verminder, nieteenstaande die feit dat die pryse van die Afrikaanse boeke hoog was nie. Gelukkig was voorrade teen die tyd meer verkrygbaar en die toestand was blykbaar heeltemal bevredigend.

> "One does not, however, get the impression of a serious shortage in the occasional visits to schools ... ..... nor, speaking generally, from the reports of inspectors on individual schools, or from discussions at their conferences."[26]

(ii) Meubels.

Aan skoolrade is magtiging verleen[27] om skoolmeubels aan te koop uit die toewysing wat hulle van die Provinsiale Administrasie ontvang het. In 1906 is daar op die wyse £12,808.11.10 aan skoolmeubels bestee. Die volgende meubels kon plaaslik deur skoolrade verkry word:

| | |
|---|---|
| Skoolbanke, 8 vt. lank, 22" breed en 26" hoog teen ...................... | £3. 5.0 |
| Tafels vir skoolhoofde, 4½' x 2½' x 2½' | 10. 0.0 |
| Skooltafels, 5' x 8½' x 2½' ........... | 2. 5.0 |
| Onderwysers se staanlessenaars, 3' x 2¼' x 1¾' ........................... | 3.12.0 |
| Boekkaste, 6' x 4' x 1¼' ............. | 10. 0.0 |
| Stoele .............................. | 10.0 |

Daar was egter nog geen aandag aan eenvormigheid in verband met skoolmeubels bestee nie en op die platteland was 'n veelsoortigheid van meubels veral opvallend. Gewoonlik was dit 'n geval van hoe swakker die skoolgebou hoe swakker die meubels.

> "It is prodigal to place good furniture on a mud floor full of holes and peopled by white ants."[28]

Hierdie agterstand sou baie moeilik ingehaal kon

26. T.O.D. Jaarverslag 1921, 26 tot 27.
27. (i) No. 25 van 1907, 62(2).
(ii) T.O.D. Jaarverslag 1906, 169 tot 171.
28. Inspekteursverslag 1907. J.H. Corbett.

word, want daar moes ook steeds voorsiening ~~gemaak word~~ vir die kinders wat jaarliks in stygende getalle tot die skole toegelaat is. Toestande op baie plekke het dan ook veel te wense oorgelaat. 'n Mens kan jou vandag beswaarlik 'n skool sonder boekkaste voorstel. In 1908 kla inspekteur White oor hierdie tekortkominge en die nadelige gevolge daarvan.

> "..... unless the teacher is exceptional, the good order and tone of the school is adversely affected."[29]

In 1909 is £9,592 uit 'n groot totaal van £13,500 vir skoolmeubels aan skoolrade toegeken wat hul kragtens seksie 62(2) van die Onderwyswet moes beheer. Hierdie toewysing was in elk geval, wat die platteland betref, heeltemal ontoereikend.

> "This is due to the rapid multiplication of school children, the opening of new schools, and the incomplete and unsuitable supply of furniture in existing schools."[30]

Die buiteskole was in alle opsigte swakker daaraan toe as die dorpskole, want waar eersgenoemde geval soms sonder 'n stoel of tafel in 'n bruikbare toestand moes klaarkom en waar hierdie skole nie in 'n afsienbare tyd hul meubelvraagstukke sonder 'n spesiale toewysing sou kon oplos nie, daar kon die toestand op die dorpe as bevredigend beskryf word. Rustenburg was miskien hierop 'n uitsondering, want inspekteur White rapporteer in 1910:

> "The furniture of Rustenburg Town School is deplorable."[31]

Hierdie toestand het egter in die volgende jaar verbeter.

> "..... the schools in that area are equipped with good substantial desks, seats, tables, chairs, and cupboards."[32]

---

29. T.O.D. Jaarverslag 1908, 91.
30. Ibid 1909, 15.
31. Inspekteursverslag 1910.
32. Ibid 1911, 99. Westelike kring.

Toestande by die middelbareskole het in die opsig niks te wense oorgelaat nie.

> "The secondary schools are on a vastly different footing ..... from the point of view of buildings and equipment these schools will soon be very little, if anything, behind the best of their type. Thanks to a liberal Government and a liberal policy, a parent ought not to need to look further, from the point of view of facilities, than the Transvaal secondary schools. Whether it be classroom arrangements, laboratory arrangements, workshops, or playing fields that are considered, there is little left to be desired. Equally good is the provision for boarders."[33]

Hierdie liberale beleid van die regering sou vroeër of later ook sy vrugte op die platteland afwerp en Adamson het aan die einde van 1912 die toestand soos volg saamgevat:

> "It has been possible to meet practically all demands for furniture."[34]

Voortaan het die klagtes in die verskillende inspekteurskringe ook geleidelik verminder en die Marico-kring kon selfs as voorbeeld vir die ander kringe dien. Die Eerste Wêreldoorlog en die gevolglike geldskaarste wat dit meegebring het, het Adamson reeds in 1915 genoop om die volgende waarskuwing te laat hoor:

> "..... the existing schools are well equipped, and in any case it is far better to save money for staffing and put up with inadequate equipment."[35]

Hierdie spaarveldtog het die hele skoolstelsel geraak en hoewel noodsaaklike meubels nie geweier is nie, kla inspekteur Klooster[36] oor 'n tekort aan banke en boekkaste en op Ermelo[37] moes die hoof van die skool selfs

33. Inspekteursverslag 1912, 66 tot 67.
34. Ibid, 73.
35. T.O.D. Jaarverslag 1915, 9.
36. Inspekteursverslag 1917, 150.
37. Ibid 170. A. Stephen.

banke van negosiekaste maak! Sommige van die meubels wat aan plaasskole verskaf is, onder andere die aan die Piet Retief en Ermelo kringe, het ook nog aan ontwerpgebreke mank gegaan. 'n Meubelkomitee kon moontlik so 'n toedrag van sake verhoed het.

In 1920 kla inspekteur Linney[38] nog oor seep- en petrolkaste, hoewel Adamson in dieselfde jaar die toestand soos volg beskryf:

> "My own impression whenever I visit schools is that, speaking generally, equipment is not one of the targets at which the arrows of criticism can be levelled. There are exceptional cases of course. Owing to various causes we had some leeway to make up, but we expended the large sum of £85,500 on furniture for schools and hostels during the year. So that there has been no sparing of either effort or expenditure."[39]

Die inspekteursrapporte van die daaropvolgende paar jare lewer voldoende getuienis dat Adamson die toestand juis saamgevat het.

> "Of equipment in the shape of furniture, there is a better tale to tell. The absence of comment in inspectors' reports may safely be taken to mean that there is little shortage."[40]

Aan die einde van sy dienstermyn[41] kon Adamson bewys lewer dat ook in hierdie opsig veel tot stand gebring is en dat daar selfs gedurende die laaste twee jaar aansienlike bedrae by die aankoop van meubels bespaar is.

(iii) <u>Skryfmateriaal</u>.

Gedurende die Britse pionierstydperk[42] was die organiserende inspekteurs en die distrikshoofonderwysers

38. Inspekteursverslag 1920, 155.
39. T.O.D. Jaarverslag 1920, 29.
40. Ibid 1921, 26.
41. Ibid 1923, 52 tot 53.
42. Bot: Honderdjaar Onderwys in Transvaal, 65.

onder andere ook vir die uitreiking van skoolmateriaal uit sub-depots verantwoordelik.

Daarna is deur die Smutswet bepaal dat skoolmateriaal deur die tussengang van die skoolhoof of die onderwysinspekteur verskaf sou word. Onder skoolmateriaal word in die verband verstaan alle hulpmiddele wat onder hoofde (i), (ii) en (iii) van hierdie hoofstuk genoem is, sowel as skryfbehoeftes soos papier, ink, potlode, oefeningboeke, skoonskrifboeke, leie, griffies, e.d.m.

Volgens die rapporte van onderwysinspekteurs het die onderwysers(esse) spaarsaam met skoolmateriaal te werk gegaan en die voorraadboeke met sorg aangehou. Hoewel die kinders in die reël hul leesboeke goed versorg het, was daar tog ouers wat nie 'n verantwoordelikheidsgevoel aan die dag gelê het nie.

> "Many parents tear out a leaf from the youngster's exercise book whenever it is necessary to despatch a note."[43]

Aanvanklik het die kinders op leie geskrywe en eers wanneer hulle die kuns en vaardigheid in 'n mate aangeleer het, het hul tot die gebruik van spesiale skoonskrifboeke oorgegaan. Hierdie skoonskrifboeke was nooit by onderwysinspekteurs gewild nie en verskeie inspekteurs het in hul verslae hulle ten gunste van skrifvoorbeelde op die swartbord uitgespreek.

Aan oefeningboeke, waarin die leerlinge hul werk moes doen, was daar gewoonlik 'n groot tekort. Selfs in so 'n mate dat die vordering van die leerlinge daaronder gely het. Dikwels moes dit toegeskryf word aan die feit dat hoofonderwysers nie altyd die rekwisisies betyds ingestuur en behoorlik opgestel het nie.

43. Inspekteursverslag 1907, 60. J.H. Corbett.

> "Notwithstanding the clearest instructions, something like one-third of the schools had sent in no requisition at a date three months later, than the date at which I asked for them to arrive, and I have repeatedly had to send back to the teacher requisitions not made up in accordance with departmental instructions."[44]

Aan nuwe skole is 'n aanvangsvoorraad gestuur wat nie altoos in die besondere behoeftes van al hierdie skole voorsien het nie.

Na 30 Junie 1912 is die Onderwysdepartement se voorradekontrak slegs vir skryfmateriaal behou en kon skoolhoofde boeke by privaat handelaars aankoop.

In 1917 het Adamson oor die aflewering van skoolmateriaal[45] gekla, aangesien die grootste hoeveelheid van oorsee ingevoer moes word. Hoewel dit baie tyd in beslag geneem en die voorradenood hoog geloop het, het dit tog goeie vrugte voortgebring en 'n groot besparing meegebring.

"This works far better."[46]

In die oorlogsjare het die tekort aan skryfmateriaal so groot geword dat inspekteur Stephen 'n onderlinge leenstelsel[47] onder skole gereël het. Hierdie poging was egter nie met welslae bekroon nie. In 1920 het die toestand sodanig verbeter dat voldoende hoeveelhede verskaf kon word, hoewel die kwaliteit nie deurgaans bevredigend was nie.

Om die ophoping van rekwisisies te voorkom, het die onderwysinspekteurs verskillende voorraadmaande aan skole toegewys, terwyl die Onderwysdepartement self 'n ogie in die seil gehou het om onnodige ophoping van voorrade te voorkom.

Hoewel die verminderde toewysings sedert 1921

---

44. Inspekteursverslag 1920, 156. D. Linney.
45. T.O.D. Jaarverslag 1917, 32.
46. Ibid, 33.
47. Inspekteursverslag 1917, 170.

die toestand nadelig beïnvloed het, het die voorrade wat die Onderwysdepartement teen redelike pryse aangekoop het, die skole in staat gestel om die nodige skoolmateriaal te bekom.

Aan die einde van sy dienstermyn kon Adamson nog nie verklaar dat die skryfmateriaalverskaffing aan skole oor die laaste bult was nie. Hy het egter vérgesigte van 'n skema gehad wat vanweë sy doeltreffendheid, vandag met welslae toegepas word.

(iv) Voertaal.

Die voertaal moet as 'n belangrike onderwysmiddel beskou word. Die meeste opvoedkundiges en sielkundiges spreek hulle ten gunste van onderrig in die huistaal uit, omdat dit op sielkundige en sosiologiese grondslag berus.

In 'n land soos Suid-Afrika, waar meer as een amptelike taal bestaan, word vraagstukke van besondere betekenis geskep. In die jare na die verowering van die Republieke het dit inderwaarheid iets meer as net die voertaal omvat: dit het ook op 'n stryd om die behoud van die eie taal neergekom. Die veroweraar het wel die twee Republieke deur sy magsoorwig laat swig, maar dit was vir die Boerenasie nog geen rede waarom sy kultureel-geestelike besittings vertrap moes word nie. Die Boer het geweier om sy taal prys te gee en Adamson was daarvan bewus.

> "The extra cost will surely be far more than justified if the vexed language controversy can, under this Ordinance, be removed from the schools, and I am confident that it can."[48]

Op grond van hierdie stryd het die voertaalvraagstuk so belangrik geword dat dit selfs in die politieke strydperk beland het en vandag nog kan dit nie objektief en in die

48. T.O.D. Jaarverslag 1912, 21.

lig van opvoedkundige en sielkundige beginsels bespreek word nie. As Adamson beweer dat,

> "..... proficiency in English is indispensible,"[49]

het die Boer op sy tande geknars en geweier om te glo dat sy taal misbaar was.

In hierdie verband is dit van belang om te meld dat ook Lord Selborne die belangrikheid van moedertaalonderrig besef het:

> "Learning is, therefore, easier for him if he learns at first through the medium of this, the language he understands."[50]

Adamson het nie alleen uitvoering aan en 'n suiwer vertolking van die taalwet gegee nie maar hy was ook daarvan oortuig dat dit op gesonde opvoedkundige grondslag berus.

> "..... the Act dealing with language rests, as it should rest, on an educational basis."[51]

Met dien verstande dat dit nie 'n wet van Mede en Perse moet wees nie, maar dermate 'n vryheid van vertolking moet toelaat dat dit behoorlik en met welslae toegepas kan word.

> "..... elasticity is the very first condition of workableness in a medium clause."[52]

Op die wyse het hy die voertaal vasgestel ooreenkomstig die taal wat die leerling tuis gepraat het, want slegs daardeur kon hy behoorlike opvoedkundige vooruitgang en ontwikkeling verwag het. Dis die enigste woorde wat duidelikheid en blywendheid aan gedagtes kan gee.

> "In a word, then, school instruction should begin through the same key or medium as has been fixing the ideas of the child at

---

49. T.O.D. Jaarverslag 1906, 9.
50. Ibid, 156.
51. Ibid 1909, 23.
52. Ibid 1910, 57.

> home. Thus it is the <u>language spoken at home</u> which should be the criterion of the introductory medium."[53]

As hierdie beeldspraak verder deurgevoer word, sal die nuutgevonde sleutel volgens Adamson ook geskik wees om die ideëkamer van die brein oop te sluit. Op grond hiervan het hy gemeen dat 'n nuwe voertaal geregverdig kon word slegs nadat die kind die tweede taal behoorlik aangeleer het.

Hy het vertrou, indien die vraagstuk reg gehanteer en daar by die uitvoering van die wet die nodige ruimte vir vryheid gelaat word, die saak gunstig behoort te verloop en die Engelsmedium skole op die Rand en in Pretoria geen moeilikheid behoort te ondervind nie.

In die Hollandsmedium skole op die platteland moes in die gradeklasse slegs mondelinge Engels vir 'n half-uur per dag onderrig word. In standerd I is die tyd na 'n uur per dag vermeerder en daar is ook met Engels lees 'n aanvang gemaak. In standerd II moes twee uur en in standerd III die helfte van die skooldag aan Engels gewy word. Na voltooiing van standerd III moes twee vakke nog deur middel van Hollands en die ander vakke deur middel van Engels onderrig word.

Op die dorpe waar die huistaal van sommige kinders Engels en die van ander kinders Hollands was, kon die vraagstuk slegs deur middel van parallel- en dubbelmedium en deur die tweetalige onderwysers(esse) opgelos word.

Adamson het egter steeds om verdraagsaamheid gepleit:

> "The sooner the recurrent discussion of the medium problem disappears or is relegated to its proper subordinate position the better."[54]

---

53. T.O.D. Jaarverslag 1910, 58.
54. Ibid 1910, 61.

Taalordonnansie No. 5 van 1911, bekend as die Rissikordonnansie, het die voertaalvraagstuk ook probeer oplos. Hierdie ordonnansie het sy oorsprong in artikel 137 van die Grondwet van die Unie van Suid-Afrika gehad, wat volkome gelykheid van regte ten opsigte van die twee amptelike tale erken het.

Kragtens díe ordonnansie is die huistaal nog steeds as die verpligte voertaal erken maar standerd IV sou voortaan standerd III as oorgangstrap vervang. Daarna kon op versoek van die ouers Engels as voertaal gekies word in nie slegs twee nie maar wel in soveel skoolvakke as wat die skoolrade mag goed ag. In gevalle waar oor die huistaal getwyfel is, is die finale keuse aan die ouer oorgelaat.

Hoewel daar heelwat praktiese moeilikhede in die toepassing van die wet bestaan het soos ouerkeuse, klassifikasie van leerlinge, dubbelmedium e.d.m., het Adamson tog die beste verwagtings vir die toekoms gekoester.

> "Certainly, however, so far as experience has gone, there are indications that under this Ordinance a satisfactory solution of the language problem in the schools can be found."[55]

In 1913 kon onderwysinspekteurs gunstige verslae oor die voertaalvraagstuk indien en kon Adamson ook getuig:

> "..... the question of medium is now presenting very little difficulty beyond those which are inherent."[56]

In 1915 het die saak sy ewewig gevind en hierna was ook die reëlings in verband met die voertaalvraagstuk opgelos.

In afsluiting is ons dus besondere dank aan Adamson verskuldig vir sy verstandige insig in en sy duidelike omskrywing van hierdie vraagstuk.

55. T.O.D. Jaarverslag 1912, 21.
56. Ibid 1913, 28.

3. ADAMSON EN ONDERWYSHULPMIDDELE.

Die verskaffing van hulpmiddele het in die Adamsontydperk slegs in geringe mate die aandag van die direkteur, onderwysinspekteurs en onderwyspersoneel geniet. Daar was nog nie 'n skema waarvolgens te werk gegaan moes word nie, hoewel daar allerweë vertoë gerig, rapporte geskryf en moontlikhede in die vooruitsig gestel is. Die toestand van baie geboue het dan ook nie die nodige geesdrif gewek om veel tot stand te bring nie. Die aandag moes steeds op die allernoodsaaklikste geriewe soos geboue, meubels, boeke en skryfmateriaal toegespits word.

(i) Voorstellings.

Desondanks is daarin geslaag om landkaarte, prente, leesplate, wetenskapapparaat en rekenkaarte te voorsien. Hierdie voorstellingsapparaat wat uit die gewone toewysings aangekoop moes word was egter baie duur en is dientengevolge nie aangeskaf nie.

'n Liggaam soos die boekekomitee van die Victoria League, wat sig vir die gratis verskaffing van biblioteekboeke aan skole beywer het, het wel ook navrae in verband met die verskaffing van geskikte prente gedoen maar het uit die aard van die saak nie veel uitgerig nie. Ten gevolge van die verhoging van die toewysings kon daar gaandeweg meer aandag aan hierdie afdeling van die onderwys bestee word en kon die onderwysers ook van voorstellings gebruik maak, sodat dit in die vroeë twintigerjare vir die inspekteurs nie meer nodig was om te kla nie.

(ii) Swartborde.

Die los swartborde wat aanvanklik in die skole in gebruik was, het baie kritiek uitgelok, omdat hulle nie alleen te veel ruimte van die klaskamer in beslag geneem

het nie maar ook omdat die skryfoppervlakte te klein was. Weens die gebrek aan geskikte en doeltreffende voorstellingsapparaat het so 'n swartbord egter 'n besonder en belangrike hulpmiddel geword.

Die inspekteurs het 'n veldtog geloods vir die verskaffing van vaste swartborde. Die swartborde wat toe verskaf is, was egter te breed en dikwels is hulle ook te hoog teen die mure aangebring. In die groot middelbare skole is selfs 'n swartbord, wat met 'n katrol op en neer gelaat moes word, aangebring. Reeds in 1914 het inspekteur Moerdyk die belangrikheid van doeltreffende en geskikte swartborde vir die opvoeding van klein kindertjies benadruk.

(iii) Klaskamerversiering.

Adamson se beskouing in verband met die opvoeding ken 'n baie belangrike plek aan die omgewing toe. In die aanvangsonderwys moet die kind met die vrye natuur kennis maak, terwyl hy in die beskawingsorde deur persoonlike deelname die gemeenskapslewe moet ontdek, en in sy sedelike wording in stilte die atmosfeer en gees van 'n suiwere omgewing as 't ware moet inadem.

> "Continuous almost with physical vigour, to which such things as air, food, baths, games and physical exercises, are the avenues, is aesthetic alertness..... In the dormitory it is the guardian of virtue, in the classroom and corridor it should be the sentinel of symmetry and beauty."[57]

By alle formele onderwys is die versiering van die klaskamer en die verfraaiing van die skoolterrein dus van besondere belang.

Klaskamerversiering staan uit die aard van die saak in noue verband met die gehalte en algemene doel-

57. Adamson: The Individual and the Environment, 360.

treffendheid van die skoolgebou. As die klaskamer 'n netjiesgeboude vertrek is met ordentlike los en vaste meubels en die nodige prentrame en -borde, dan is daar reeds ruimskoots in hierdie belangrike behoefte voorsien en kan verwag word dat dit 'n heilsame uitwerking op die dissipline en die goeie gees van die klas sal hê.

Inspekteur M. White sê die volgende omtrent die versiering van 'n swakgeboude klaskamer:

> "A few growing plants change the whole aspect of the ugliest schoolroom. The School Boards may find a way to brighten the lives of the children by providing the schools with pictures."[58]

Kort na afloop van die Tweede Vryheidsoorlog was skoolgeboue en derhalwe ook klaskamers tot minder as die blote minimum beperk.

> "It is literally true to say that there were not half a dozen good school buildings in the Colony when the work of education was taken up after the war."[59]

Aangesien die toestand van die klaskamers oor die algemeen nie veel tot die skepping van 'n gunstige omgewing bygedra het nie, het die taak van versiering op die skouers van die onderwyspersoneel gerus. Adamson het hulle immers hiervoor verantwoordelik gehou.

> "The buildings are of a most unsatisfactory nature, but more might be done to keep the premises clean and tidy. It is unnecessary that maps should lie about unhung, or that rooms should be disfigured with lumber."[60]

> "The lower part of the walls in the classrooms and the roof are badly in need of repair. The former defect might have been avoided if the desks were fixed to the floor;at present they are liable to be pushed against the walls. The

---

58. Inspekteursverslag 1908, 91.
59. T.O.D. Jaarverslag 1907, 25.
60. Inspekteursverslag 1907, 94.

> classrooms are hardly so clean and tidy as is desirable, and a less unsightly form of receptacle for waste paper should be provided."[61]

Gepaste muurversiering het sy kritiese oog nie ontglip nie en waar hy dit teëgekom het, het hy gunstig daarvan melding gemaak.[62]

As opvoedkundige het hy die welsyn van die leerlinge in ag geneem deur die aandag ook te vestig op die nadelige uitwerking van te wit mure op die lig in die klaskamer en op die gesig van die leerlinge.

> "There is one matter that needs early attention, and that is the white walls of the classrooms. These make a considerable glare whenever the sky is not clouded."[63]

Adamson se belangstelling in en sy bemoeiing met hierdie belangrike saak het reeds in 1915 die verlangde uitwerking gehad, want inspekteur Moerdyk getuig toe al van beter ingerigte en nuwe geboue met netjiese muurversierings, blomme op die tafels en vensterbanke en geskiedkundige prente aan die mure. Hy het vertrou dat almal hierdie goeie voorbeeld sou volg.[64]

Om hierdie saak te bevorder het Adamson in 1921 'n onderhoud met die Vereniging van Argitekte gereël.

> "This question of school decoration and the creation of aesthetic surroundings was discussed. It is hoped that with the aid of the Society it may be possible to choose one or two schools - preferably in the suburbs - and demonstrate what can be done to make buildings - hall, corridors, classrooms - and grounds attractive in a simple way, and without any great expenditure save that of time and interest."[65]

(iv) <u>Skoolomgewing</u>.

In 1906 het Adamson die totstandkoming van die

---

61. Inspekteursverslag 1908, 117.
62. Ibid 1908, 122.
63. Ibid 1910, 189.
64. Ibid 1915, 147.
65. T.O.D. Jaarverslag 1921, 27.

verlangde en gunstige skoolomgewing soos volg saamgevat. Eintlik was dit meer 'n taak van die onderwyspersoneel as van die staat.

> "There is, further, no reason why the schools should not be the focus of common interest and pride. A school fence which has been put up by teachers, parents and scholars, trees which have been planted and tended by the same united efforts, school gardens and playgrounds which represent voluntary toil - these are worth more than the best which outside resources may provide."[66]

In 1921 het hy nog hoopvol geglo:

> "It is only occasionally that one sees or hears of any interest being taken in the planting of trees and the laying out of school grounds. Indeed, to bring the environment - inside and outside school - up to a satisfactory aesthetic standard is one of our most urgent calls."[67]

Wat na die Tweede Vryheidsoorlog nog van skool-- en speelterreine, georganiseerde skoolsport, trofeë, en algemene welsynswerk in die skole oorgebly het, moes deur vreemde hande en 'n vreemde gees opgebou en voortgesit word, wat inderwaarheid die geval was met die hele onderwysstelsel. Om slegs in die broodnodigste onderwysgeriewe soos geboue, meubels, vervoer en skoolmateriaal te voorsien was 'n reusetaak en 'n groot finansiële juk, omdat die land verwoes en die bevolking arm was. Onder sulke omstandighede spreek dit vanself dat hoë ideale in verband met omgewingsverfraaiing dikwels vir brood verruil moes word.

Inspekteurs van onderwys het steeds gerapporteer dat skooltuine nog nie baie gewild was nie en dat daar nog baie werk voorgelê het om onkunde en vooroordeel daaromtrent uit die weg te ruim.[68] Hulle het gedurig die

66. T.O.D. Jaarverslag 1906, 46.
67. Ibid 1921, 27.
68. Ibid 1911, 66.

noodsaaklikheid van sportterreine by middelbare skole beklemtoon en daarvan melding gemaak dat die platteland-se skole nooit aan hulle doel sal beantwoord alvorens die skoolterreine nie behoorlik aangelê en versorg is nie, sodat dit ook die hele omgewing tot 'n voorbeeld kon strek.[69]

> "..... but it is not necessary for the precincts of the school to be littered with paper and peach peel, nor is a conspicuous spot near the teacher's house the necessary depository for the empty tins from his kitchen;"[70]

Benewens natuurlike oorsake het dit voorgekom asof 'n gebrek aan die nodige lus en belangstelling van die kant van sommige onderwysers die rede was waarom boomaanplanting en skoolterreinverfraaiing nie deurgaans die aandag geniet het nie. Die nuwe regulasies in verband met die onderwys van natuurkennis het egter boomaanplanting verpligtend gemaak en die hoop is gekoester dat skoolterreine later 'n beter indruk op die besoeker en die inspekteur sou maak as stukkende heinings en stukke papier wat oral rondlê.

Daar het miskien rede bestaan om te kla oor die keuse van skoolterreine.[71] Wakkerstroomskool moes byvoorbeeld water oor 'n afstand van 1,000 tree dra, met die gevolg dat daar van 'n skooltuin geen sprake kon wees nie.

Om alle praktiese redes het Adamson aanbeveel dat 'n skoolterrein in vier kampe verdeel moes word: 'n woningsperseel vir die onderwyspersoneel, 'n skoolperseel, 'n speelterrein en 'n donkiekamp. Hoewel skoolterreine mettertyd omhein en in kampe verdeel is en van boorgate en windpompe voorsien is, het daar tog rede bestaan om te kla oor die min belangstelling in skooltuine.

69. Inspekteursverslag 1908, 91. M. White.
70. Ibid 1908, 91.
71. Ibid 1913, onder andere 104, 108 en 116.

> "Even in bush country the school often stands bleak and bare, the wire fence and its peculiar bareness being the only features to mark off the school site from the bush around."[72]

In die geval van middelbare skole was die prentjie wat Adamson geskilder het heelwat beter.

> "The premises and equipment presented an orderly and well-kept appearance."[73]

> "It would be difficult to imagine a school conducted under more favourable conditions."[74]

> "There is a marked change in the general impression produced by the school."[75]

> "Premises and equipment were alike admirable."[76]

Voorts is gemeen dat 'n standplaas vir 'n skool aan die volgende vereistes moes voldoen: Dit moes geskik wees om in alle onderwysgeriewe te voorsien en dit moes aan die eise van die betrokke gemeenskap beantwoord. As daar koshuise aan 'n skool verbonde was of later verbonde sou wees, dan moes dit ruim genoeg wees, sodat die nodige sportterreine aangelê kon word, terwyl gemeen is dat koshuise nie in die middel van dorpe geleë moes wees nie.

> "The <u>home</u> of forty or fifty boys or girls cannot be in the streets of a town unless the discipline of the cloister is to prevail."[77]

Vrye ruimtes moet beskikbaar gestel word vir die ontspanning van die jeug want slegs dan kan dissipline en ware karaktervorming verwag word:

> "Games and sports have flourished as they should; for he would be a shortsighted educationist who failed to recognise and appreciate the value of their contribution not only

72. Inspekteursverslag 1919, 125. D. Linney.
73. Ibid 1906, 95.
74. Ibid 1906, 105.
75. Ibid 1906, 109.
76. Ibid 1906, 113.
77. Ibid 1906, 93.

> to health and physical development, but also to the development of strong and sane qualities of individual character, and of that corporate sentiment which animates all the worthy members of a good school, and which, while it checks individualism, promotes loyal co-operation."[78]

Hoewel hy 'n groot voorstander van geskikte speelterreine en georganiseerde skoolsport was, waarsku hy tog baie duidelik teen enige vorm van oordrywing:

> "I would here emphasise the opinion that the worship of games is one of the least satisfactory features of modern school-life ........ let us develop courage, judgement, resource and initiative on the playing fields; let us bring the fierce joy of physical competition into the school life; but do not let us deceive ourselves that the battle of the future will be to the swift and victory to the strong, ....."[79]

Die hoogste roeping van die mens is om hom te kan aanpas en om dit te verwesenlik sal daar noodwendig van baie middele gebruik gemaak moet word maar dan moet die middele nie tot die doel verhef word nie.

(v) Spaarsin.

In 1918 is die penniebanke en spaarklubs in die Transvaalse skole ingevoer. Die doel daarvan was die bevordering van spaarsin.

> "..... and that virtue is not too conspicuous in this country."[80]

Spaarsin is 'n saak wat die hele gemeenskap raak, omdat dit noodsaaklik is vir nasionale welvaart. Deur by die kind van vandag spaarsingewoontes aan te kweek word die burger van môre die spaarsinbeginsels van selfverloëning en voorsorg geleer.

78. T.O.D. Jaarverslag 1917, 60.
79. Ibid 1906, 93.
80. Ibid 1918, 6.

> "Thrift on the part of every class in the community is essential to the national welfare. By helping to develop habits of thrift among the children who in a few years will have to undertake the responsibility of citizenship, and by training them in the exercise of the self-denial and foresight which thrift involves, the primary schools can render a national service of great value. Further, the influence of such training is not confined to the children, and does not stop with the school walls; what is said and done in the school has effect in many homes."[81]

Op die wyse lewer die laerskool 'n nasionale diens wat sy weerklank tot in die huisgesin sal laat hoor.

> "Schools must have vocational vision ..... they must look through and beyond curricula and routine to the life both of labour and leisure which is to follow ..... (Schools) are organs ..... of the national life."[82]

Om dieselfde rede kan daar van 'n skool verwag word om aan die leerlinge voldoende geleenthede te bied om welsynswerk te doen.

> "..... a school must be an organ of radiation. It must shine by its own light."[83]

## 4. KRITIESE BESKOUING.

Adamson het ook tot die middele en die hulpmiddele van die onderwys 'n belangrike bydrae gelewer, hoewel die omvang sowel as die verskaffing daarvan dikwels veel te wense oorgelaat het. Die meeste leemtes moet egter daaraan toegeskryf word dat onderwys nog in 'n beginstadium was. As die wordende onderwysstelsel nie so baie vraagstukke meegebring het nie en as hy die tyd kon afsonder om ook aan die saak sy persoonlike aandag te skenk, sou hy begryplikerwyse beter resultate kon gelewer het. Hy kon

81. T.O.D. Jaarverslag 1918, 6.
82. Adamson: Externals and Essentials, 47.
83. Ibid, 47 tot 48.

miskien die hele aangeleentheid aan verantwoordelike ampte-nare of desnoods aan 'n middelekomitee opgedra het vir uit-voering.

Wat ons egter van hom moet waardeer is die feit dat hy nie stilgesit het nie, toe daar belangrike werk was wat sy aandag moes geniet. Hy kon 'n saak deursien en die nodige aandag daaraan bestee. 'n Sprekende voorbeeld hiervan is die knappe en taktvolle wyse waarop hy die voer-taalvraagstuk opgelos het. Dit kan ook nie betwyfel word, dat hy die waarde van praktiese onderwys onderskat het nie. Hy was nie slegs 'n wysgerige teoretikus nie maar hy het in die praktyk van die lewe gestaan en sy skool was 'n deel van die lewe waarin hy gestaan het. Dit het aan hom 'n besondere plek in die praktiese onderwys besorg. Dis om die rede jammer dat 'n man van sy kennis en bekwaamheid nie in die geleentheid was om iets blywends aan die ver-skaffing van onderwysmiddele na te laat nie.

As ons vandag 'n skrynwerker, messelaar of ge-neesheer sou vra om self sy gereedskap en instrumente te vervaardig, sal dit as belaglik beskou word. En tog is dit van die onderwyser verlang.

Hierdie werk het destyds en in 'n mate vandag nog so 'n groot inbreuk op die tyd van die onderwyser ge-maak dat daar maar min tyd oor was vir die werklike onder-rig.

Adamson het hom nie baie oor metodes en onderwys-hulpmiddele bekommer nie. Hy het van die standpunt uitge-gaan dat daar reeds baie daaroor geskryf is.[84] So 'n standpunt onderskryf egter nog geensins dat die onderwys-personeel heeltemal op hoogte van sake was nie. Sy op-voedkundige wysgerigheid was hoofsaaklik beperk tot

84. Adamson: The Individual and the Environment, 38.

handboeke vir wysgeriges en hulle het nie altyd die onderwys in die klaskamer tot sy reg laat kom nie. Die landsomstandighede en die eise wat aan die onderwys gestel was, was egter van so 'n aard dat hy sy aandag meer aan die middele as aan die hulpmiddele moes skenk, omdat dit van meer onmiddellike belang was. Sedert die dertigerjare het hierdie afdeling van die onderwys gaandeweg meer aandag geniet, hoewel huidige toestande nog veel te wense oorlaat.

'n Goed saamgestelde onderwysnavorsingsburo moet in die lewe geroep word om aan die vervaardiging van onderwysmiddele en -hulpmiddele aandag te skenk. Dan sal die middele op grond van hul opvoedkundige waarde en die feit dat hulle op sielkundige grondslag berus, doeltreffend in die onderwys aangewend kan word. Dit sal dan middele wees wat by die praktiese eise van die onderwys en by bepaalde lewensomstandighede sal aanpas. Hierdie onderwysnavorsingsburo moet slegs oorgaan tot bepaalde beslissings en regstreekse aanbevelings, nadat die betrokke saak wetenskaplik, opvoedkundig en prakties getoets is. Dit sal voorkom dat daar spronge in die duisternis gemaak word en dat skole en kinders op groot skaal as proefkonyne gebruik word.